

11 Oktober

**Skrifgedeelte: Psalm 105**  
**Fokusgedeelte: Psalm 105:8(a)**

### **Hy hou sy verbond altyd in stand**

**H**ierdie loflied is moontlik voorgedra by geleentheid van 'n fees waarby die verbond vernuwe is. Die Psalm roep die verbondsvolk wêreldwyd op om die Here te loof. Sy verbondsbeloftes begin met die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob, vir wie Hy Kanaän as eiendom beloof het (vs 9-11). Dit word verder geopenbaar in die koms van Josef (vs 16-23) en in die geloofsoptrede van Moses en Aäron in Egipte (vs 24-36). Dit vind sy vervulling in die uittog uit Egipte, in die wonderbare leiding en versorging van die Israëliete 40 jaar in die woestyn (vs 37-43). Dit vind sy bekroning as die volk die beloofde land intrek om God se voorskrifte te gehoorsaam, sy wil te doen en Hom te prys (vs 44-45).

Hierdie Psalm geld ook vir ons as verbondskinders van die Here. Ja, ons doop bring vir ons die onuitspreeklike, heerlike troos dat die Vader 'n ewige genadeverbond met ons opgerig en ons as sy kinders aangeneem het; dat die Seun ons deur sy bloed van al ons sondes bevry het; en dat die Heilige Gees in ons wil woon om ons te heilig. Watter genade! Die vraag is net: Leef ons elke dag soos verbondskinders om die Drie-enige God uit dankbaarheid te loof en volgens al sy geboie te lewe?

*Sing: Psalm 105:5*

*Dr. CJ Malan (Emeritus)*